



# GAUTENG SA BOERPERD KLUB/CLUB



20 Oktober 2014

## GAUTENG SA BOERPERD KLUB TERUGVOER AAN DIE ALGEMENE JAAR VERGADERING

**Klub vergaderings is gehou op 20 Februarie en 1 Junie om sake te bespreek wat lede affekteer. Ongelukking word hierdie vergaderings baie sleg bygewoon.**

### HORSE OF THE YEAR 2014

Hierdie bly n baie belangrike skou aangesien dit een van die laaste geleenthede is waar ons, ons Boerperde kan vergelyk met ander rasse. Hierdie jaar was daar n rekord aantal perde ingeskryf naamlik 50.

N Groot dankie aan Heleen en Jan vir hulle harde werk tydens die skou en vir die voorbereiding.

Drie SA Boerperde is geplaas tydens die „Supreme Championships“:

- Werkende ryperd – Vasvat Geduld – 4de
- Enkeltuig – B3 Koraal – 2de
- Teelklas – Carel Hancke Sarita – 5de

### KEURINGSTOER

Die keuringstoer in Gauteng het plaasgevind op Vrydag en Saterdag die 27ste en 28ste Junie.

- Alle hingste moet sentraal gekeur word en daarom het ons voorgestel dat al 10 hingste by Jan gekeur word op die Saterdag middag.
- Indien die hingste keuring op die Saterdag middag gedoen word sal dit gepas wees indien ons dan die merries en reuns in die oggend keur.
- Dit gee dan ook die geleentheid om alle lede te nooi vir die Saterdagmiddag om n samekoms te reelaangesien bitter min mense vergaderings toe wat kommunikasie baie moeilik maak.
- Die geleentheid was baie goed bygewoon en dit het die geleentheid geskep vir mense om te gesels en op hoogte te bring met aangeleenthede.
- Persone wie se perde nie op die Saterdag gekeur kon word nie is besoek op die Vrydag en keurings het daar plaas gevind
- Die datum is altyd n probleem aangesien daar verskeie skoue is gedurende die jaar en die eerste oop datum wat ons kan vind was die bogenoemde datum.

## **GAUTENG STREEKS KAMPIOENSKAPPE**

Die skou het plaasvind te Misty Meadows.

Die skou het plaasvind van Woensdag, 11 Augustus 2013 tot en met Saterdag, 16 Augustus 2014 Die skou program was presies dieselfde wees as die Nasionale Kampioenskappe en bied dus 'n geleentheid om 'n kleed repetisie aantebied vir Parys.

Die universele klasse was beoordeel deur Claire Marcus Malony en die afdeling was baie goed ondersteun deur Boerperd lede. Die Tradisionele afdeling was beoordeel deur Sias Horn en ongelukkig was hierdie afdeling minder goed ondersteun.

Daar was nie te min oor die 90 perde betrokke. Baie dankie aan almal wat hierdie skou bygewoon het.

Die uwe

**Carel Meintjes**  
**KLUB VOORSITTER**